# VIERDE ADVENT 2008

## *GOD SE WOORDE BRING VREDE VIR SY VOLK*

(PS 85)

VOEL ONTNUGTER: Die **Babiloniërs** het Jerusalem ingeneem en die twee stamme van Juda is in 587 vC finaal in ballingskap weggevoer as straf vir hul volharding in sonde. Ongeveer 50 jr later (538 vC) het 'n **oorblyfsel** van hierdie groep met groot verwagting uit die ballingskap na hul land teruggekeer. Hulle het verstaan dat hul sonde vergewe is. Hulle het waarskynlik met groot entoesiasme na 'n nuwe hoofstuk, ook geestelik, in hul lewe uitgesien.
Die **werklikheid** was egter anders. Hulle kry toenemend met probleme en terugslae te doen totdat dit ellendig sleg met hulle gaan. Dit is dan wanneer hulle dringend en ernstig **tot God roep**.

Dit herinner 'n mens aan baie **Suid-Afrikaners** se ontnugtering nou 14 jr nadat demokrasie in 1994 aangebreek het. Aanvanklik was die verwagtings van die nuwe SA hoog en daar was groot entoesiasme. Baie het uit ballingskap uit ander lande teruggekeer. Vandag is talle ontnugter. Hulle kla dat dit nog niks beter met hulle gaan as voor 1994 nie. Nuwe politieke partye skiet op soos paddastoele. Daar word gesoek na nuwe politieke redders.

Bes moontlik **tel u nie** onder hierdie mense nie, maar ken u nogtans die gevoel van ontnugter te wees. Ons het miskien in die verlede ervaar dat God vir ons goed was, maar nou gaan dit nie meer so voorspoedig nie. Dit voel vir ons dat God minder betrokke is by ons, of Hy selfs belangstelling in ons wel en weë verloor het. Daar is by ons die diepe behoefte dat Hy ons weer sal help, weer sal aanraak en red uit ons ellende.

'N PSALM MET DRIE STROFES
Daar is 'n psalm in die Bybel wat presies oor hierdie situasie handel: 85. Die psalm bestaan uit **drie dele** en is waarskynlik in die samekoms van die gelowiges deur twee verskillende kore opgevoer: (lees v 1). Die **Koragiete** was 'n benaming vir een van die afdelings van die Leviete wat veral as sangers in die tempel diens gedoen het (2 Kron 20:19).
Die **eerste koor** het vers 2-4 gesing. Dit is eintlik 'n geloofsbelydenis en gaan so: (lees v2-4). Daarna tree 'n **ander koor** na vore. Die klank is nou anders. Die geloofsbelydenis maak nou plek vir 'n pleitgebed, 'n smeking. Dit kom daarop neer dat hulle vra: *"Ag, Here, help ons asseblief nou weer!"* Dit klink so: (lees v 5-8).
Dan volg 'n **gespanne stilte**. Weg is die kore. Skielik breek die stem van een persoon die stilte. Hy antwoord namens God. Kom ons luister mooi wat hy sê: (lees v 9-14).

1. WAT GOD IN DIE VERLEDE GEDOEN HET

Die psalm begin waar die psalmis as't ware in **sy tru spieëltjie** kyk na wat agter is, na God se optrede teenoor sy volk in die verlede. Dit was goeie tye. Die woord ***"Sela"*** by vers drie is 'n musikale aanduiding wat moontlik dieselfde as "forte" beteken. Die woorde: *"U het u volk sy sonde nie toegereken nie, hom al sy skuld kwytgeskeld"* moes dus HARD gesing word om dit te beklemtoon.
Kom ons dink ook so 'n bietjie na – … tru-spieël! Wat sien u daar? Was daar 'n tyd in jou lewe waarvan jy ook kan sê: *"U was goed vir my, Here"?*

Ja, natuurlik, want ons is God se mense. Ons is mense wie se skuld deur Jesus Christus kwytgeskeld is. Ons het van God 'n nuwe toekoms ontvang. Die ou dinge het verbygegaan en alles het nuut geword!
Ons kan saam met hierdie eerste koor vanmore **'n loflied** sing. Hulle lied herinner ons aan wie ons is… waar ons vandaan kom … Wie s'n ons is. Dit herinner ons aan wie God is en wat Hy kan doen, want Hy het dit al aan ons gedoen. Dit was 'n wonderlike tyd.

2. NOU GAAN DIT NIE MEER SO GOED NIE

Teen die tyd wat die psalm geskryf is, het dit egter nie meer so goed gegaan nie - nie geestelik nie en ook nie in die algemeen nie. Die volk het weer van die Here **afgedwaal** en hulle ervaar die Here se **straf** op hulle lewe (v 5,6).
**Wat doen hulle?**
Hulle soek nie in die eerste plek 'n politieke oplossing en wend hulle tot nuwe politieke messiasse nie. Nee, hulle weet uit ervaring God is hulle **Verlosser**. Hulle gaan met hul teenspoed, sonde en swaarkry na HOM toe. Luister hoe pleit hulle: *"Ontferm U weer oor ons, o God, ons Verlosser"* (v5). Dit is 'n kreet om hulp.
Vers 7: *"Wil U nie weer die lewe vir ons nuut maak, sodat u volk hulle vreugde in U kan vind nie?"* = gebed om herlewing.

Ons herdenk met **Kersfees** dat die geboorte van Jesus alles vir ons verander het. Ons vier dit elke Kersfees. Maar ons moet ook dikwels soos die Israeliete voor God erken dat dit met ons nie so goed gaan soos wat ons dit graag sou wou hê nie. Al leef ons as verlostes in Christus, ervaar ons nie elke dag die voorspoed en die vrede van die Here nie. Dikwels kan ons ons 'n tyd herinner toe ons ook nader aan die Here was. As ons **rondom ons kyk** en na die nuus luister, is ons maar te bewus van die gebrokenheid van ons bestaan in hierdie wêreld. Dink maar aan die onvrede – ook tussen lidmate en kerkgenootskappe, misdaad, oneerlikheid, onreg, verdrukking, onsedelikheid en so meer.
Daar is 'n **wydverspreide behoefte** aan vernuwing, nie waar nie. Ons het dit in die politiek gesien met die presidentsverkiesing in die VSA en ons sien dit met die politieke verwikkelinge in SA. Maar ons weet dit tog almal: **'n blywende vernuwing** kom nie van politieke leiers of 'n oppervlakkige "Happy Christmas" of van die kortstondige opwinding van 'n kersboom en kersgeskenke nie. Selfs nie van 'n welverdiende Kersvakansie, of van die samesyn met familie en vriende nie. Dit alles is nie sonder waarde nie, maar dit het ook nie blywende waarde nie. Dit is soos nuwe modes wat kom en gaan. Vandag is dit nog in en "cool" en more is dit al weer uit. Nee, dis **net God** wat ons lewe blywend nuut kan maak. Hy doen dit deur Jesus Christus en die Heilige Gees. Daarom pas dit ons om ook soos die psalmis ernstig en dringend en aanhoudend by God daarvoor te pleit: *"Wil U nie weer die lewe vir ons nuut maak, sodat u volk hulle vreugde in U kan vind nie?"*

3. HOE ANTWOORD DIE HERE?

Wat sal God tog doen? Wat sal God die Israeliete antwoord op hierdie pleitende versoek? **Wat sal God vir ons antwoord**?
*Vers 9: "Ek wil luister na wat God die Here sê, want sy woord bring vrede vir sy volk, vir die wat Hom getrou dien. Hulle moet net nie weer afdwaal nie."* God is die Verlosser en kan help, maar Hy vra van ons getrouheid aan Hom. Ons moet na Hom luister, Hom hoor en GEHOORSAAM. **God roep ons tot orde** – tot 'n vredesorde

waarin die onderlinge verhoudinge gekenmerk word deur geregtigheid, liefde en trou. Trou (*emeth*) het ook met waarheid (eerlikheid, opregtheid, integriteit) te doen!
Die Boodskap: *"Dit is 'n baie ernstige saak as God, die Here, praat. Hy wil hê dat almal wat Hom liefhet vrede moet hê. Maar daar is 'n voorwaarde: hulle moet net nie weer verkeerde dinge aanvang nie."*
Hierdie vers is **'n oproep om ons weer aan God toe te wy**. Neem tyd oor hierdie vakansiedae om terug te dink oor die jaar en oor jou wandel met God. *"If God feels far away, guess who has moved!"* Wanneer 'n mens van God afdwaal, SAL Hy vir jou ver voel. As Hy vir jou ver voel, verder as vroeër in jou lewe, is dit waarskynlik omdat jy van Hom afgedwaal het. Kom dan terug na Hom, die Leidsman na die lewe, toe.
So sal die vrede van Kersfees ons deel word en bly, *"want sy woord bring vrede vir sy volk, vir die wat Hom getrou dien."*
**Jesus**, die Woord wat vlees geword het, het hierdie vredesbedeling kom inlui en moontlik maak. *"Vrede op aarde!*" het die engele met sy geboorte gesing. Ons **kan nou** in vrede met God en ons naaste lewe.
Dis iets **baie kosbaars** waarvoor ons gedurig moet bid en ons moet beywer. Ons moet ons nie net op **Versoeningsdag** nie, maar dwarsdeur die jaar beywer vir die waarheid en vir regverdigheid teenoor almal en vir onderlinge liefde. Daarsonder kan daar nie vrede wees nie. Die **psalmis** draai geen doekies om nie. Hy sê reguit: God se woord bring vrede, ja, maar slegs vir die wat Hom getrou dien. **Jakobus** vra: *"Waar kom stryd vandaan, waar kom rusies onder julle vandaan? Kom dit nie van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie?"* (4:1)
God se vrede is iets wat ons **soos goud moet oppas**. **Waak teen** dinge soos selfsug en jaloesie, hebsug en twyfel, kommer en onvergewensgesindheid en alle ander "diewe" wat dit van ons probeer steel.

Die laaste gedeelte van vers 11 lui in Die Boodskap so: *"Om dinge te doen soos die Here wil hê, en om sy vrede te ken hoort saam."*

SLOT
Geliefdes, kom ons maak hierdie **gebed ons eie** hierdie Kersfeestyd:
*"Wil U nie weer die lewe vir ons nuut maak, sodat u volk hulle vreugde in U kan vind nie?" en ons LUISTER na sy woorde, want dit bring vrede vir die wat dit gehoorsaam.* Die beste plek om by te begin is by onsself, by ons eie persoonlike integriteit, ons eerlikheid, betroubaarheid, vergewensgesindheid en liefde teenoor ons naaste.

Amen.